BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 23

Geloof is onmoontlik sonder die Bybel: dit kom deur die hoor van die Woord van God [Rom.10:17]. 'n Mens kan nie sonder die Bybel 'n Christen word nie. 'n Mnes kan ook nie geestelik groei sonder die Bybel nie. Een van die kenmerke van egte bekering is juis 'n geweldige verlange na die Bybel [vgl.1Pet.2:2]. Wie nie gereeld en getrou die Bybel lees [bestudeer] nie, gaan geestelik agteruit. Wys my 'n gelowige wat geestelik volwasse is en al hoe meer Jesus-gelykvormig leef, en ek sal weet dit is 'n mens wat die Woord liefhet en uit die Woord leef en groei.

DIE BYBEL AS WOORD VAN GOD.

LEES: 2 Timoteus 3:12-17.

1. "Die hele Skrif is deur God geïnspireer." Wat beteken dit?

2. Lees vers 15. Waarom is kennis van die Bybel so belangrik? Wanneer moet 'n mens die Bybel begin lees?

3. Lees vers 16-17. Wat is die groot waarde van die Bybel in ons lewe?

DIE BYBEL EN ONS GEESTELIKE GROEI.

4. LEES Johannes 3:3 en 1 Petrus 1:23.
   Watter funksie het die Woord van God by die wedergeboorte?

5. LEES Efesiërs 2:8 en Romeine 10:17.
   Hoe kom mense tot geloof?

6. LEES Matteus 4:4,7,10 en Psalm 119:9 en 11 [oav]:

Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie.

7. LEES Johannes 17:17 [OAV]: Heilig hulle in u waarheid; u Woord is die waarheid.
   Verduidelik die verhouding tussen heiligmaking en die Woord volgens hierdie vers.

Die mens wat dit nalaat om die Bybel getrou te bestudeer, is weerloos teen die aanslag van die bose. Die ontmoeting met God by sy Woord in my binnekamer, is die belangrikste afspraak van die dag. Daardeur gebeur drie dinge:

- Ons leer Christus ken [Joh.20:31].
- Ons leer onsself ken [Heb.4:12].
- Ons leer die waarheid ken [Ef.4:14-15].

<u>MAAR HOE MOET ONS BYBELSTUDIE DOEN</u>?

8. LEES Jakobus 1:21-25.
   Met watter gesindheid moet 'n mens Bybelstudie doen?

9. LEES Daniël 6:11; Psalms 119:62, 147-148; 1:2.
   Wat leer hierdie gedeeltes ons oor Bybelstudie?

10. LEES Lukas 24:25-27 en 32.
    Wat moet die einddoel wees van al ons Bybelstudie?

11. LEES Johannes 16:13-15.
    Wat leer hierdie verse ons oor Bybelstudie?

B. ANTWOORDE.

1. Wat Paulus hier skryf, bedoel hy natuurlik ten opsigte van die Ou Testament. Ons kan die uitspraak ook op die Nuwe Testament van toepassing maak. Want as Christene aanvaar ons dat al die boeke van die Bybel geskrywe is onder inspirasie van die Heilige Gees. Daarom is die hele Bybel die Woord van God. Ons moet dit ken en glo en onvoorwaardelik daaraan gehoorsaam wees.
2. Want dit is die enigste genademiddel waardeur sondaars uit hulle ellende gered kan word deur die geloof in Jesus Christus.
   Dit is belangrik om die Bybel van kleins af te lees en ken. Die Griekse woord [bre'fos] stel dit van 'n baie jong ouderdom af.
3. Die Bybel bepaal ons leer en lewe. Wat die leer betref kan jy die Bybel gebruik om in die waarheid te onderrig en om dwaling te bestry [3:16b-c]. Wat ons lewe betref kan jy die Bybel gebruik om verkeerdhede reg te stel en die regte lewenswyse te kweek [16d-e].
   Vers 17 leer ons dat die Bybel ook vir ons geestelike groei onmisbaar is. Wie die Bybel volgens vers 16-17 gebruik, word volkome toegerus om sy lewe in te rig soos God dit wil hê.
4. Wedergeboorte beteken om geestelik nuut gebore te word. Die saad wat God gebruik om die nuwe lewe in jou te wek, is sy ewige Woord. Die Bybel en wedergeboorte is onlosmaaklik aan mekaar verbonde.
5. Geloof is 'n gawe van God. Dit word alleen in ons lewe gevestig deur die verkondiging van die Woord.
6. Ons Here Jesus het ons geleer dat die versoekings van die duiwel net oorwin kan word deur die swaard van die Woord. Dieselfde geld vir die sonde in ons lewe [Ps.119:11].
7. Die woordjie heilig beteken om afgesonder te word vir diens. Deur die Woord word ons meer en meer afgesonder en gevul met die Heilige Gees vir ons diens aan die Here. Dit is heiligmaking.
8. Bybelstudie vra die gewilligheid om te DOEN wat die Bybel sê. Ons moet die Bybel bestudeer as mense wat daders van die Woord wil wees [v.22].
9. Bybelstudie moet altyd met 'n biddende hart gedoen word. 'n Mens moet stil word voor jy lees, sodat jy kan besef waarmee en met Wie jy besig is. Daarna oordink jy ook die Woord in jou gedagtes.

10. Ons moet altyd in elke Skrifgedeelte waarmee ons omgaan vra: waar is Jesus Christus in hierdie verse? Wat sê dit vir ons van Hom? Hy is die sentrale figuur in die Bybel. Alles wys na Hom.
11. In al ons Bybelstudie moet ons bid om leiding van die Heilige Gees. Hy is die Een wat ons in die waarheid lei. Vir die regte verstaan van die Bybel is ons geheel en al van die Heilige Gees afhanklik.

****